Respek. Eenheid. Trots

IMMER VOORWAARTS

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

26 Junie 2026
**NUUSBRIEF 20/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Sport:** **Anronette Basjan** is opgeneem in die o.18 Kaapse Wynlandspan wat tydens die vakansie deelneem aan 'n streekstoernooi in Bredasdorp. **Luan du Toit** is opgeneem in die o.13 Cravenweekspan en verteenwoordig Boland by die Cravenweek-toernooi tydens die vakansie. Weereens baie geluk aan hierdie twee leerders. Ons glo dat dit 'n mooi ervaring sal wees en dat julle die Bonnies se naam hoog sal hou!

   By die jaarlikse SAGA Nasionale kampioenskappe het ons kareteka baie mooi presteer. Goud: **Daneil Bosman** en **Maronique Presence**, Silwer: **Retha-Mari Steyn**, $4^{de}$: **Inathi Mabuthile** en $5^{de}$: **Lunathi Mabuthile** en **Ruben Potgieter**. Baie geluk aan hierdie leerders. Ons is trots op julle!

2. **Gimnastiek:** GIMNASTIEK IN BONNIEVALE

   Gimnastiek is 'n baie goeie gronsdslag vir kinders wat eintlik die basis vaslê vir alle ander sportsoorte. Navorsing wys dat vroeë blootstelling aan gimnastiek kinders help om 'n liefde vir fisieke aktiwiteit te ontwikkel wat hulle vir die res van hul lewens bevoordeel.
   Gimnastiek is een van die mees omvattende sportsoorte - dit bou nie net fisieke krag, balans en koördinasie nie, maar leer ook dissipline, selfvertroue en deursettingsvermoeë.

   Klasse word by Hoërskool Bonnievale aangebied deur gekwalifiseerde afrigters met 'n passie vir sport.
   Kontak : **Giani Swart 060 750 2552**

3. **Kunsmis vir rugbyvelde:** Baie dankie aan **Victor Louw, Hennie en Pieter de Wet** vir die strooi van kunsmis op ons velde. Ons waardeer julle tyd en bydrae.

4. **Musiek:** Baie geluk aan **Lize-Marie van der Merwe** wat haar **Unisa Klaviereksamen** Voorgraad 1 met Lof 81% slaag. Wel gedaan!

5. **Matriekafskeid:** Die Matriekafskeid vind vanjaar plaas op Donderdag, **23 Julie** in die skoolsaal. Ons glo dat dit, soos altyd, 'n pragtige en spesiale geleentheid sal wees wat ons matrieks vir altyd sal onthou. Baie dankie by voorbaat aan almal wat agter die skerms werk om hierdie aand moontlik te maak.

   Modeparade kaartjies sal vanaf **1 Julie** by die Apteek of by die skool se kantoor te koop wees teen **R15** per persoon.

   **Tyd:** 17:20 vir 17:50
   **Plek:** NG Kerksaal

6. **Akademie:** Vandag word die leerders se rapporte uitgedeel. Ons versoek ouers vriendelik om die rapport deeglik te bestudeer en dit saam met u kind deur te gaan.

Baie geluk aan elke leerder wat hard gewerk en mooi presteer het. Indien die punte egter nie na wense is nie, moedig ons ouers aan om ernstig, maar ondersteunend, met u kind daaroor te gesels. Help hom of haar om vir die volgende kwartaal 'n beter werkroetine te vestig en meer gereeld tyd aan leerwerk te bestee.

Punte in die leervakke kan aansienlik verbeter wanneer daar konsekwent meer tyd en aandag aan die werk gegee word. Help u kind om 'n vaste studie- en huiswerkroetine te ontwikkel, sodat daar genoeg tyd met boeke en leerwerk deurgebring word. Dit is nog nie te laat om 'n positiewe verskil te maak nie.

**Toppresteerders kwartaal 2:**

| | |
|---|---|
| **Graad 4**<br>1. Suné de Swardt<br>2. Larissa Prins<br>3. Georgio Jansen<br>4. Karlien Louw<br>5. Wilhelm de Wet<br>6. Philip Jonker<br>7. Christiaan Scheepers<br>8. Jana Carstens<br>9. Marlie Lombaard<br>10. Ezra Bantom | **Graad 5**<br>1. Christian van der Merwe<br>2. Martiney van Staden<br>3. Else-Mari Fourie<br>4. Katryn Pieterse<br>5. Luannay Stallenberg<br>6. Janelle van Zyl<br>7. Zack van Wyk<br>8. Lambert van Heerden<br>9. Luhan Pieterse<br>10. Junior Smith |
| **Graad 6**<br>1. Alné Matthee<br>2. Juanri van Staden<br>3. Annabelle Nieuwoudt<br>4. Lize-Marie van der Merwe<br>5. Peyton Kleinveldt<br>6. Ezrah Witbooi<br>7. Emma le Roux<br>8. Dee-Quin Tamboer<br>9. Emily Schoeman<br>10. Anzel de Waal<br>Carinda Grobler | **Graad 7**<br>1. Donné Nortier<br>2. Mickuh de Koker<br>3. Mikhail Arnolds<br>Lian van Tonder<br>5. Ewald Scheepers<br>6. Denjolique Pawuli<br>7. Luan du Toit<br>8. Gabriëlla de Haast<br>9. Taylin Lourens<br>10. Carli de Wet |
| **Graad 8**<br>1. Arielle Strauss<br>2. Zaylin Witbooi<br>3. Kyra Niemand<br>4. Nia Niemand<br>5. Jonel Botha<br>6. Riché-Dean Maastriet<br>7. Kiara Vlok<br>8. Luke Blakey<br>9. Meghan Engelbrecht<br>10. Ruwayden Willemse | **Graad 9**<br>1. Akua Mnukwa<br>2. Jaylin Jansen<br>3. Kelicia Carolus<br>4. Austin Siegelaar<br>5. Aphiwe Mpanbani<br>6. Simone Davids<br>7. Elana Mfundisi<br>8. Lunathi Mabuthile<br>9. Xaynia Joubert<br>10. Bonele Klaas |
| **Graad 10**<br>1. Janine de Wet<br>2. Loumari Barnard<br>3. Angeonique Andries<br>4. Inathi Mabuthile<br>5. Taylin Nell<br>Lique September<br>7. Tylor Anderson<br>8. Leandré Beyers<br>9. Jayden Struass<br>10. Chelsea Vincent | **Graad 11**<br>1. Ricalin Adams<br>2. Ithandile Msweswe<br>3. Melzané September<br>4. Retha-Mari Steyn<br>5. Rache Swartz<br>6. Auslin Oerson<br>Clinton Ross<br>8. Jaylin April<br>9. Juwaiden Nel<br>10. Lucian Minnaar<br>Linique Prins |
| **Graad 12**<br>1. Jada-Lee Lagorie<br>2. Tristan Nell<br>3. Owaziyo Makutshi<br>4. Mathilia Witbooi<br>5. Jenique Abrahams<br>6. Presley Pedro<br>Kaiden Kortje<br>8. Anronette Basjan<br>9. Llyal Cupido<br>10. Leila-Rose Thomas | |

7. **Skoolhoof:** Ons sien baie daarna uit om ons nuwe skoolhoof, mnr. Ruvaun Olivier, by ons te verwelkom. Mnr. Olivier sluit ná die vakansie by ons aan en sal aanvanklik in 'n woonstel by die koshuis tuisgaan. Mev. Adri Olivier is tans besig met haar meestersgraad en sal dit eers voltooi voordat sy na Bonnievale verhuis. Sy sal dus na verwagting eers teen die einde van die jaar by ons kan aansluit. Ons is baie opgewonde oor die vooruitsig om hierdie twee bekwame persone as deel van die Bonnie-span te verwelkom. Vir die nuuskieriges is daar elders in die nuusbrief 'n bietjie meer inligting oor die paartjie.

8. **Dankie!** Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om almal opreg te bedank vir julle geduld met en ondersteuning aan my gedurende die tyd wat ek as skoolhoof waargeneem het. Dit was vir my 'n waardevolle ervaring en 'n besondere leerskool.

   Die goeie samewerking van ouers, personeel en die ondersteuning van die SBL het my taak aansienlik vergemaklik. 'n Spesiale woord van dank gaan aan ons sekretaresses en bestuurspan, wat altyd bereid was om daardie ekstra myl te loop en sodoende my werkslading ligter te maak. Ek waardeer elkeen van julle opreg.

   Ek vertrou dat ons almal mnr. Olivier op dieselfde wyse sal ondersteun, sy hande sal sterk en hom hartlik in sy nuwe rol sal verwelkom.

9. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 26 Jun | Skole sluit kwartaal 2 |
| So. 12 Jul | Me Marica Lourens verjaar |
| Vr. 17 Jul | Mnr Pieter Brink en mnr Darius van Loggerenberg verjaar |
| Di. 21 Jul | Skole open kwartaal 3 |
| Do. 23 Jul | Matriekafskeid |
| Sa. 25 Jul | Landloop by Langeberg Sekondêr<br>LS Ashton Pikkie Sportdag<br>HS sport vs HS Swellendam (tuis) |
| Di. 28 Jul | Me Janie Wentzel verjaar |
| Wo. 29 Jul | HS sport vs Langeberg Sekondêr (weg) |
| Do. 30 Jul | Juf Danelle Landman verjaar<br>Gr.10 Uitstappie |
| Sa. 1 Aug | HSB Ideal Sportdag<br>Juf Sané Nel verjaar |
| Do. 6 Aug | 0.9 Netbal na Worcester (WNPS & WPS) |
| Sa. 8 Aug | Landloop Boland Kampioenskappe |
| Di. 11 Aug | LS sport vs Wakkerstroom-Wes (tuis) |
| Sa. 15 Aug | Interskole Franschhoek (weg) |
| Sa. 22 Aug | Me Alma Hamersma verjaar |
| Ma. 24 Aug | SBL vergadering |
| Di. 25 Aug | Juf Gerda Liebenberg verjaar |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"Dankbaarheid is nie net 'n gevoel nie, maar 'n ingesteldheid van die hart wat ons help om die lewe se seëninge raak te sien."**

## HOËRSKOOL BONNIEVALE

## Kwartaalprogram: Kwartaal 3 van 2026

| DATUM | | Dag | AKTIWITEIT |
|---|---|---|---|
| Julie | 21 | Di | **SKOLE OPEN** |
| | 25 | Sa | LS Pikkie Sportdag<br>HS vs HS Swellendam (tuis)<br>Landloop by Langeberg Sek |
| | 28 | Di | LS vs Ashton (weg) |
| | 29 | Wo | HSB vs Langeberg Sekonder (weg) |
| Augustus | 1 | Sa | HSB - IDEALSportdag |
| | 6 | Do | o.9 Netbal vs Worcester (weg) |
| | 8 | Sa | Landloop – Boland Kampioenskappe – Paarl |
| | 11 | Di | LS vs Wakkerstroom-Wes (tuis)<br>o.12C netbbal in Worcester |
| | 15 | Sa | Interskole – HSB vs Franschhoek (weg) |
| | 18 | Di | HSB vs BPS (tuis) |
| | 22 | Sa | Landloop – SA Kampioenskappe |
| | 29 | Sa | HSB o.9 volveld rugbydag |
| September | 5 | Sa | Landloop – ASA X-Country |
| | 12 | Sa | o.11 to o.13 7's in Stellenbosch |
| | 19 | Sa | o.15 en o.17's Hs Montagu |



## Welkom aan ons nuwe skoolhoof!

## Mnr Ruvaun Olivier

Ons is opgewonde om bekend te maak dat Mnr Ruvaun Olivier op 1 Julie 2026 as die nuwe skoolhoof van Hoërskool Bonnievale by ons aansluit.

Mnr Olivier kom na Bonnievale met baie jare se ervaring in die onderwys en in skoolbestuur. Vir die afgelope 15 jaar dien hy as adjunkhoof van Hoërskool Transvalia, een van Gauteng se spog Afrikaanse skole. Gedurende hierdie tyd het hy 'n sleutelrol gespeel in die akademiese, administratiewe en strategiese bestuur van die skool en was hy betrokke by feitlik elke aspek van skoollewe. Sport is ook diep deel van sy DNA. Hy het oor baie jare 'n naam opgebou in skolerugby, onder meer as voorsitter van die Valke Hoërskole-rugby, sekretaris van die Noordvaal Hoërskole-rugby en afrigter op verskeie vlakke. As afrigter van die Valke Akademie en Grant Khomo spanne, asook die eerstespan rugbyafrigter by Transvalia het hy groot sukses behaal en dis vir hom 'n passie om jongmense te vorm deur sport. Op akademiese gebied lê Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid naby aan sy hart. Hy dien as Adjunkhoofnasiener vir Wiskundige Geletterdheid in die hele Gauteng , waar hy leiding gee aan die nasienproses van die provinsie se matriekeindeksamens waar omtrent 150,000 leerders Wiskundige Geletterdheid neem in matriek.

Mnr Olivier word vergesel deur sy vrou, Adri, met wie hy byna twintig jaar getroud is. Adri is self 'n ervare opvoeder en dosent in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid, met meer as twintig jaar se ervaring in die onderwys. Sy is tans besig met 'n Meestersgraad in Opvoedkunde en is ook baie betrokke by netbal. As voorsitter van Rhino Netbal en afrigter van verskeie spanne leef sy haar passie uit om jongmense te ontwikkel en te inspireer.

Van die eerste gesprekke af was dit duidelik dat hulle mense is wat 'n hart het vir kinders, vir onderwys en ons is oortuig hulle gaan 'n groot impak in Bonnievale kom maak. Ons glo dat hierdie aanstelling nie net die begin van 'n nuwe hoofstuk vir Mnr en Mev Olivier is nie, maar ook die begin van 'n besondere nuwe seisoen vir Hoërskool Bonnievale. Ons sien met verwagting uit na wat die toekoms inhou!

Ons glo dat die Here se tydsberekening perfek is en dat Mnr en Mev Olivier lank terug al voorberei is vir wat hulle hier in Bonnievale moet kom doen. Daarom verwelkom ons Mnr en Mev Olivier met oop arms in die Bonnievale-familie. Ons sien uit na julle koms!

Ter afsluiting, baie dankie aan Mnr Pieter Brink, wat die skool met toewyding gelei het terwyl ons besig was met die aanstellingsproses. Mnr Brink, jy was uitstekend en ons waardeer jou baie!

**IMMER VOORWAARTS**

Bonnies